

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Bekering en Kerstyd"

Skriflesing: Matteus 3:1-8

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterreheem ruis.

*Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.*

*Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

Broodjies vir die pad

Op hierdie mense en dinge, dan

Op die vrou wat 'n week aan 'n gedig werk en nie in die little magazine tuiskom nie.

Op die man wat laat in die nag sy jenuwe-eeed aflê om die kitaar nie te versak nie.

Op die dagdromer in die biblioteek, die skrikkerige toeris in die reisagentskap, die bysiende kantoorwerker in die filmteater.

Op die beloftes, ook die valeses.

Op die deurnaggeselsers, die slow dancer met die jean wat afsak, die gapende kroegmeisie.

Op die "takhaar en die stedelike boheem" wat tussen ons en die skreefoog burokraat staan.

Op die kunstenaar wat by aanskou van 'n mededinger se sukses 'n dag in die bed moet deurbring.

Op die dosent wat die evangelie van die boek bring, al die dae van haar lewe.

Op die skrywer wat by gebrek aan inkomste sy bydrae lewenslank mislyk.

Op die skilder wat die krediet van eendag, eendag se sukses reeds uitgeleef het.

Op die gehoorlid wat die keiser se naaktheid as verfrissend beskou.

Op die grensverskuivende ongeërgdheid, die dood van die lasteraar, op die wederopstanding van die vloeker.

Op die einde van die dae, en die einde van ons welbehae.

Op die oomblik wanneer die koors breek en die goddelikheid praat.

Op die verwagtinge.

Jaco Fouché

<http://www.litnet.co.za/op-hierdie-mense-en-dinge-dan/>



Dis 'n sonde teen Kersfees - én die mensdom

Martie Retief-Meiring

Asof Kerstyd 2016 nie reeds 'n knak weg het deur vrese vir rommelstatus. skok oor die grondboontjebotterpryse, 'n glyjakkals vir 'n president en nou die nuwe retoriek van die welsprekende ANC-sekretaris-generaal, Gwede Mantashe, wat die opposisie à la Fidel Castro bestempel as "generaals van die vyand van die revolusie" (salueer Maimane, Steenhuisen, somer Shivambu en Ndlozi ook).

Tog, selfs Mantashe se militarisme weeg nie op teen 'n ander verskrikking nie: die oortuitende, alomteenwoordige aakligheid van "Jingle Bells". Selfs "Meisie Meisie" kan nie by hierdie weersinwekkende idiotiese deuntjie kers vashou nie. Dat dit die winkel-anthem vir Kersfees is, is net 'n aks erger as die sintetiese bome, die sintetiese sneeu, plastiek-engeltjies en 'n flonkerende "Betlehem-ster" op die bopunt.

In die dae toe ek my by enige en elke beweging aangesluit het, was die ergste mislukking die poging om Kersfees afgeskaf te kry.

Ons protes was nie teen die oorspronklike idee van 'n Kersfees nie, hoewel dit uit – nogal – die antieke saturnalieë ontstaan het. Ons was, soos dit sosiale demokrate betaam, teen die kommersialisering, die uitbuiting, die vermorsing en, sê dit maar, die vervlakking van 'n spesifieke godsdiens teenoor die uitermatige banaliteit waarin die fees ontaard het.

Dik opgepofte manne met 'n wattebaard en 'n rooi jas wat hô-hô-hô op 'n groot stoel sit, kindertjies optel om te vra wat Kersvader vir hul Kerspakkies moet bring.

Ons het geprotesteer teen die afkap van bome, teen die overdaad van kalkoene, koekstruif, papiervermorsing en die riviere drank wat van bottel tot keel dikwels tot huismoles lei.

Maar die mens se Kersuitspattigheid, winkelbase se altyd weer nuwe bemerkingsfoefies kon niemand stuit nie. En die klankbesoedeling van "Jingle Bells" nog minder.

Of kan iets dit stuit?

Toe ek die nogal stillerige supermark betree vir my nodige was selfs "Jingle Bells" stil. O, gewis was die Kersboom en al die lawwigheidjies daar, die Krismiskoeke, glinsterpapier. Toe ek by die onspanne kassiere kom, sê sy dankie vader, dit gaan vanjaar 'n makliker Kersfees wees. Danksy Swart Vrydag het die mense hul gewone Kerskoopgier uitgewoed, dink sy. Dit was woens. Woens. Sowat van gryp en inpak het sy lanklaas gesien. Mense het tot ses uur in die winkel deurgebring – meestal in lang toue. Jy't nog nooit sulke trollies gesien nie.

En het die winkel onthou om die musiek te speel? O ja, natuurlik! "Jingle Bells" hits die mense aan om meer te koop.

Dit was die Amerikaner James Pierpont wat die liedjie in 1857 die wêreld ingestuur het. Hy het dit as 'n sleetrekdeuntjie geskryf. Iemand het die aanhitsende ritme as een van die beste sielkundige invloede op roekelose koop raakgehoor. So is nog 'n sonde teen Kersfees gepleeg – en teen die mensdom.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/dis-n-sonde-teen-kersfees-en-die-mensdom-20161130>



Wat kan die nostalgie van 'n padkoseier vasvang?

Gielie Hoffmann

Ek is oortuig daarvan balsemiekasyn is die nuwe tamatiesous. Oral waar ek kom, gooi mense dit oor hul kos. Of dit nou pizza, brood, slaai of gekookte eiers is, geen maaltyd spring dit vry nie.

In ons huis is ons aangemoedig om eers die kos te proe voor ons iets bygooi. My ma sou dit amper as 'n klap in gesig beskou het as jy voor die voet sout of peper oor haar kos gegooi het sonder om eers te proe.

Dus het ek altyd lekker gelag vir Lientjie Wessels se spyskaartaantekening in haar eertydse eetplek Li-bel: “Ons maak nie tramezzinis nie, ons bring nie tamatiesous tafel toe nie en ons kos vat lank. Sit terug en kuier lekker.”

Die *foodie*-beweging raak natuurlik ons almal se lewens. Nederige witpeper is vervang deur varsgemaalde swartpeper; margarine moes plek maak vir botter en winkelbrood kan bloot net nie meer by ciabatta kers vashou nie.

Op skool het ons Afrikaans-juffrou vertel van die man wat by 'n wynproe ook 'n insiggewende opmerking wou maak met die proeslag en bloot “frapant” geprewel het toe dit sy beurt is. Die kenners het almal geknik sonder die vaagste benul wat die woord beteken.

Net so sukkel ek om te onderskei tussen die voorsmaak van gekneusde bessie, die reuk van moerbeibos en die nasmaak van aarbeikonfyt. Ek “mmm” en “aaa” maar en vat nog 'n sluk terwyl ander die neus en die nek van die wyn waardeer.

Ek het my al selfs die misnoeë van wyndrinkers op die hals gehaal toe ek ongeërg ysblokkies in my rooiwyn gegooi het. Dit was bloot te warm vir my. Die effense koelheid het immers die wyn drinkbaar gemaak. En dalk selfs die reuk van varsgesnyde groen gras geaktiveer.

By 'n wynproe moet ek op my tande byt as die Stellenbosse student oor elke wyn se kenmerke uitbrei. Ek staar maar die verte in en vermy oogkontak. My lag lê te vlak.

By kos spring ons natuurlik nie hierdie gedrag vry nie. Deesdae hoor ons in 'n Wimpy hoe sny die suurvormende gebottelde tamatiesous deur die vetterigheid van die organiese eier, en wonder baie of die volgraanbrood se kompleksiteit nie te veel vir die varkworsie is nie. Dit alles in 'n Wimpy!

Dis geen verrassing dus dat daar in spesialis-eetplekke nog meer spandabelrig met die byvoeglike naamwoorde omgegaan word nie. Jy moet immers soos 'n rasieler juig om die prys van die bord kos te regverdig. Net verlede week sit ek langs 'n man wat ná elke hap sê: “Dis ongelooflik . . . *dramatiese pouse* . . . hoe die reuk van komkommer die nasmaak van pynappel aanvul.”

Dit laat my dink aan die verkoopsdame in die film *Sisters*, wat Tina Fey en Amy Poehler met elke uitrusting aanmoedig met 'n “you look a-mázing in it”, sonder dat sy eers sien wat hulle aantrek.

Ek is nie seker waar hierdie tendens gaan eindig nie. Koffiedrinkers en bierskinkers doen presies dieselfde. Skielik is *gin* ook nou die drankie waarvoor almal nuwe gebruikte in

woorde probeer toepas: Die klank wat die *gin* maak met die gooislag herinner aan 'n vroegoggendbries duskant Stilbaai.

Ek trek lekker die kosmense se siel uit. In Kaapstad, by my gunsteling-eetplek, vra ek altyd: Wat het julle wat gluten en verfynde suiker bevat? Die uitdrukking op die kelners se gesigte is kostelik – algehele ongelooft en verontwaardiging.

Want soms is 'n mens net lus vir iets wat die nostalgie van 'n padkoseier kan vasvang.

* *Gielie Hoffmann is 'n lewensafriester in Pretoria.*

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/wat-kan-die-nostalgie-van-n-padkoseier-vasvang-20161125>

Brood vir die pad

“But the man who is not afraid to admit everything that he sees to be wrong with himself, and yet recognizes that he may be the object of God's love precisely because of his shortcomings, can begin to be sincere. His sincerity is based on confidence, not in his own illusions about himself, but in the endless, unflinching mercy of God.”

— Thomas Merton, No Man Is an Island

“God does not demand that every man attain to what is theoretically highest and best. It is better to be a good street sweeper than a bad writer, better to be a good bartender than a bad doctor, and the repentant thief who died with Jesus on Calvary was far more perfect than the holy ones who had Him nailed to the cross. And yet, abstractly speaking, what is more holy than the priesthood and less holy than the state of a criminal? The dying thief had, perhaps, disobeyed the will of God in many things: but in the most important event of his life he listened and obeyed. The Pharisees had kept the law to the letter and had spent their lives in the pursuit of a most scrupulous perfection. But they were so intent upon perfection as an abstraction that when God manifested His will and His perfection in a concrete and definite way they had no choice but to reject it.”

— Thomas Merton, No Man Is an Island

“True repentance involves a change of heart and not just a change of behavior.”

— Ezra Taft Benson

“That it will never come again is what makes life sweet. Dwell in possibility. Find ecstasy in life; the mere sense of living is joy enough.”

— Emily Dickinson



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.*